

Niks kan God se plan stuit nie

Wanneer God 'n nuwe begin maak is daar altyd hoop. Dit maak ons ook opgewonde om te dink dat hierdie nuwe begin die mens betrek as deel van God se plan.

Dit is egter belangrik om te verstaan dat die uitvoering van God se plan nie noodwendig altyd voorspoed en geluk vir die mens hoof te beteken nie. Terselfdertyd moet ons onthou dat ongeluk dikwels deur die mens se eie toedoen op sy pad kom. As alles nie volgens die mens se plan verloop nie, maak hy sy eie planne. Dit verg geloof om op God se plan vir jou lewe te vertrou.

Abram is deur die Here geroep. Getrou aan hierdie roeping trek hy uit sy woonplek na die land wat God hom sal aanwys. Alles loop egter nie voorspoedig vir Abram en sy mense nie. Droogte en hongersnood laat hom wonder of die Here hulle regtig kan versorg in sy nuwe omgewing. Nou draai hulle suid, Egipte toe. Daar is groter moontlikhede. Hierdie nuwe omgewing bring sy eie probleme. Daar leef mense met ander gewoontes, mense wat die God van Abram nie ken nie.

Abram maak nou sy eie planne. Hy sal moet kompromieë maak en aanpas. Dit is altyd 'n uitdaging vir God se mense in 'n goddelose wêreld. In Egipte kan Sarai maklik in die farao se harem beland en dit is 'n situasie wat 'n ingrypende plan sal verg. Abram besluit om agter 'n leuen weg te kruip. Om voluit op God te vertrou vir bewaring is te veel gevra. Abram en Sarai se leuen het egter vreeslike gevolge. Sy word inderdaad 'n vrou van die farao. Abram word selfs ryklik vergoed vir hierdie besluit. Dit lyk asof Abram se plan gewerk het!

Maar dit was nie God se plan nie! Abram se leuen bedreig juis God se plan. Daarom word die farao se huis met swaar plaë getref. God ontmasker die mens wat met sy eie planne probleme probeer oplos. God se plan word nie deur die ongeloof van mense gestuit nie. God se nuwe begin is ook nie afhanklik van mense nie. Die farao jaag vir Abram en Sarai weg. God se plan is op koers!

Sing: Psalm 33:6

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)